# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 30 Junie 2017*

***"My own business always bores me to death. I prefer other people's" Oscar Wilde***

## VIER EN VEERTIG JAAR DIENS AAN DIE SUID-AFRIKAANSE TUINBOUKUNDIGE BEDRYF

Dr. Org van Rensburg tree aan die einde van hierdie jaar af ná 'n buitengewone 44 jaar diens aan die LNR - die laaste 18 as hoof van die ITSG. Dit is ongelooflike toewyding en lojaliteit aan sy roeping. Dr. Org het as 'n verteenwoordiger van die LNR op die eerste Raad van Citrus Research International gedien en het voortgegaan om die CRI gedurende sy vormingsjare te lei – hy het vir tien jaar (2001 tot 2011) op die Raad gedien. Dit was moeilike tye. Die sitrusbedryf is toe pas gedereguleer en het gesukkel om 'n volhoubare befondsingsstroom vir navorsing te kry, terwyl die LNR terselftertyd ook 'n nuwe era betree het waar meer befondsing van die bedryf benodig is. Dit het Dr. Org in 'n moeilike posisie geplaas, wat hy professioneel en regverdig bestuur het. As 'n sitrusbedryf wil ons graag vir Dr. Org bedank vir al die werk wat by die LNR gedoen is, en vir die hulp om die CRI as 'n toonaangewende globale sitrusnavorsingsinstelling te vestig. Ons wens hom net die beste toe met sy welverdiende aftrede.

## UITVOERE NA DIE EUROPESE UNIE

Produsente en ander rolspelers in die waardeketting na die Europese Unie was versigtig met die toepassing van die CBS Risikobestuurstelsel (RMS) en die Valskodlingmot Bestuurstelsel (FMS). Soos die seisoen die besige Julie-periode betree, is dit belangrik dat hierdie waaksaamheid/versigtigheid voortgaan - die voor- en na-oesmaatreëls vir hierdie twee plae is op navorsing en operasionele ervaring gebaseer om sodoende die risiko van besendings wat nie voldoen nie, te verminder. Indien enige lede van die CGA of FPEF 'n kopie van enige bestuurstelsels benodig, kontak asseblief die CGA of CRI.

## "GELUKWENSE" EN "GOODBYES"

In Januarie 2007 het John Edmonds by die CGA as Inligtingsbestuurder aangesluit; in April 2007 het Liane Esch as Boekhouer aangesluit en in Junie 2007 het Robert Miller as Finansiële Bestuurder aangesluit - hierdie jaar is hul tiende jaar van diens aan die CGA en aan sitrusprodusente in Suider-Afrika: dankie aan al drie van julle vir jul toewyding aan jul werk en vir deel wees van een van die belangrike ratte wat hierdie bedryf susesvol laat groei. Ongelukkig neem ons ook afskeid van Belinda Goosen, sy verlaat die CGA na 'n kort tydperk as 'n finansiële administrateur; ons wens jou voorspoed toe met jou nuwe avontuur en sal jou mis.

## DAGBOEK HIERDIE DATUMS

Aan die einde van Augustus (23ste) gaan die CGA-groep (CGA, CRI, CRT, Citrus Academy, CGACC en CGA GDC) hul algemene jaarvergaderings by die Birchwood Hotel- en Konferensiesentrum in Boksburg hou. 'n Volledige kennisgewing sal aan alle produsente gestuur word.CGA gaan hul strategiese beplanningsessie op 23 Augustus hou en die CGA-direksievergadering is op 24 Augustus. Die vergadering van die CRT Trustees vind op 23 Augustus plaas.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo fokusgroep het op 21 Junie vergader en hul voorspelling met 500 000 kartonne afwaarts aangepas. Die Valencia en Navel Fokusgroepe het hierdie week vergader en hul voorspellings weereens verminder. Nuus is dat die toestande in die Oos-Kaap hierdie seisoen baie erg was en dat verdere verminderings moontlik is. 87% van die clementine-skatting is nou gepak, en die sagte sitrus kollig beweeg nou na laat mandaryne (36% gepak).

| Tot Einde Week 25 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2015 | 2016 | **2017** | 2016 | **2017** | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 13 m | 11 m | **12.7 m** | 8.9 m | **9.5 m** | 15.6 m | **14.8m** | 13.2 m |
| Sagte Sitrus | 6.2 m | 7.3 m | **7.3 m** | 6.4 m | **6.5 m** | 13.2 m | 13.2 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 9.7 m | 9.9 m | **13 m** | 9 m | **10.8 m** | 17.5 m | 17.5 m | 15 m |
| Nawels | 13.8 m | 15.8 m | **12.6 m** | 12.3 m | **9.3 m** | 26.3 m | **22 m** | 26.2 m |
| Valencias | 4.6 m | 4.2 m | **5.3 m** | 2 m | **1.6 m** | 50.1 m | **47.9 m** | 41.8 m |
| Totaal | 47.5 m | 48.2 m | **50.9 m** | 38.6 m | **37.7 m** | 122.7 m | 115.9 m | 108.4 m |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**